



LAERSKOOL DALVIEW

Distrik: D5 Gauteng-Oos

Gekontroleerde Toets

Vak: Natuurwetenskap en tegnologie

Graad 4

EKSAMINATOR: MNR. L UECKERMANN

MODERATOR: ME M OOSTHUIZEN

DATUM: 27 MEI 2024

TYD: 60 MIN

TOTAAL: 50 PUNTE

NAAM EN VAN: _____ GR. 4 _____

Instruksies:

1. Lees elke vraag versigtig deur voordat dit beantwoord word.
2. Skryf netjies en leesbaar.

Afdeling	Vraag	Inhoud van die vraag	Kogniktiewe vlak van die vrae	Totaal van die vraag	Kwartaal 2 Materiale om ons/ Vaste materiale
Afdeling A	Vraag 1	- Materie & materiale - Toestandverandering - Watersiklus	Vlak 1 en 2 Laer orde vrae	10/ punte	
	Vraag 2	Materiale om ons	Vlak 1 en 2 Laer orde vrae	11/ punte	
	Vraag 3	Toestandverandering	Vlak 1 en 2 Laer orde vrae	3/ punte	
Afdeling B	Vraag 4	Die Watersiklus	Vlak 3 en 4 Middel orde vrae	7/ punte	
	Vraag 5	Vaste Materiale	Vlak 3 en 4 Middel orde vrae	13/ punte	
Afdeling C	Vraag 6	Weefstowwe	Vlak 5 en 6 Hoër orde vrae	6/ Punte	

Afdeling A : (Laer orde vrae)**{24}****Vraag 1 Materie & materiale, Toestandverandering, Watersiklus****[10]**


Rangskik Kolom B om by Kolom A te pas en skryf die regte letter langs die stelling in die Antwoord kolom. Gebruik **drukskrif** en **hoofletters**. Bv. 4.1 A

Kolom A	Antwoord	Kolom B
1.1) Dit is wanneer 'n gas vloeistof word.	1.1)	A) 0°C
1.2) Alles op aarde en in die heelal bestaan uit	1.2)	B) Asfalt
1.3) Dit is baie klein deeltjies wat die heelyd beweeg.	1.3)	C) Verdamping
1.4) Hierdie grondstof word gebruik om papier te maak.	1.4)	D) Materie
1.5) Dit is 'n kombinasie van baie fyn glasvesels.	1.5)	E) Hout
1.6) Smeltpunt van ys	1.6)	F) Kondensasie
1.6) Dit is 'n taai, swart vloeibare materiaal.	1.7)	G) Veselglas
1.8) Smeltpunt van sjokolade	1.8)	H) Neerslag
1.9) Dit is wanneer vloeibare water 'n gas word.	1.9)	I) Molekules
1.10) Reën, sneeu of hael	1.10)	J) 35°C

Vraag 2 (Materiale om ons)

[11]

2.1) Bestudeer die onderstaande prente en sê of dit deeltjies 'n vaste stof of vloeistof of gas voorstel.



_____ (1) _____ (1) _____ (1)

2.2) Dui aan of die volgende stelling **Waar** of **Onwaar** is.

2.2.1) Gas versprei in die lug op – en uitwaarts. _____ (1)

2.2.2) Molekules beweeg nie die heeltyd nie. _____ (1)

2.2.3) 'n Vloeistof behou sy vo _____ (1)

2.2.4) Gasmolekules het baie ruimte nodig om rond te beweeg. _____ (1)

2.2.5) 'n Appel is 'n vaste stof. _____ (1)

2.3) Gee een **voorbeeld** van elkeen van die volgende drie toestande van materie. (3)

Vaste stof: _____

Vloeistof: _____

Gas: _____

Vraag 3 (Toestandverandering)

[3]

3.1) Verduidelik van watter toestand na watter toestand materie sal beweeg tydens verhitting en verkoeling.

Tydens verhitting _____

(1)

Tydens verkoeling _____

(1)

3.2) Wanneer word water waterdamp?

(1)

Afdeling B (Middel orde vrae)

{20}

Vraag 4 (Die Watersiklus)

[7]


4.1) Noem die vier prosesse van die watersiklus.

(4)

1. _____
2. _____
3. _____
4. _____

4.2) Bestudeer die skets en vul die uitgelate prosesse in.

(3)



- A- _____
- B- _____
- C- _____

Vraag 5: (Vaste Materiale)

[13]

5.1) Gebruik die woorde in die **woorbank** en vul dit in die regte spasies in. Jy mag elke woord net een keer gebruik. (10)

voorwerpe, steenkool, aardkors, verwerk, plastiek,
water, ruolie, klei, natuurlike, papier

5.1.1) Keramiek word van natuurlike stowwe gemaak soos _____.

5.1.2) Sommige voorwerpe word van _____ materiale gemaak soos hout, grasse of soorte grond.

5.1.3) Metale word in die _____ gevind.

5.1.4) Polimere word in twee kategorieë verdeel naamlik _____ en _____.

5.1.5) Rubber is 'n sterk materiaal wat nie _____ deurlaat nie.

5.1.6) Grondstowwe moet _____ word om nuttige materiale te maak.

5.1.7) Fosielbrandstowwe soos _____ en _____ word gebruik om plastiekpolimere te vervaardig.

5.1.8) Grondstowwe is materiale waarvaan ons verskillende _____ maak.

5.2) Noem die 3 kategorieë waarin **grondstowwe** gegroepeer word. (3)

Afdeling C (Hoër orde vrae)

{6}

Vraag 6

(6)

6.1) Neem een eienskap by elkeen van die volgende **weefstowwe** en gee 'n voorbeeld by elke weefstof.

Katoen:

Eienskappe: _____

Voorbeeld: _____

Wol:

Eienskappe: _____

Voorbeeld: _____

Poliester:

Eienskappe: _____

Voorbeeld: _____

Totaal 50